



Skoolgereed met Mind Moves®

Ek het Jan 2015 my dogtertjie (6jr) na Rika Grové, *Gevorderde Mind Moves Instruenteur* in Windhoek, geneem nadat ons met haar kennis gemaak het by die skool waar sy kom gesels het oor skoolgereedheid. Sy moes begin regmaak om in 2016 Gr 1 toe te gaan. Ek as ma het 'n paar goedjies opgetel (huil vir niks, sukkel om te konsentreer, onnatuurlik ooraktief, ens). Ek was self 'n kind wat emosioneel nie skoolgereed was nie, maar steeds gestuur is omdat my ouers gesê het dat ek reg was vir skool. Ek het baie gesukkel en wou nie hê dat dit my kind se voorland moes wees nie.

Ons het haar toe gevat dat Rika haar toets.

Die toetse het baie duidelik getoon sy nog glad nie reg is vir skool nie. Die mororefleks, terugtrekrefleks en soek- en suigrefleks was almal baie hoog (3 en 4 onderskeidelik, hulle moet almal 0 wees). Ons het haar dadelik by Rika laat begin met 2 keer 'n week se konsultasies en tuis het ons die Mind Moves Massering gedoen.

Binne 3 maande het ons 'n GROOT verandering in haar by die huis begin ervaar. Sy was rustiger en het beter begin konsentreer en luister. Nog 'n maand of 2 later het haar juffrou by die skool dit ook begin agterkom. Teen die tyd het haar prentjies oor haarself ook meer kleurvol en nog meer volledig begin raak.

18 April 2015



25 Junie 2015



Ons kon aan haar skooltakies sien dat dit BAIE beter gaan en wanneer ons op vakansie gaan hoef ek my nie meer dood te bekommer oor my kind nie.

Halfpad deur die jaar toe ons weer die refleksse getoets en die resultate het gewys dat baie van die refleksse gedaal het na tussen 0 en 1. Die wegtrekrefleks was tydens die eerste assessering baie sterk en sy het haar voet heel weggeruk, maar dit het soveel verbeter dat sy nie eers meer haar toontjies beweeg as die stimulasie toegepas word nie.

Nou, 'n jaar later, het Rika vir haar 'n inkleurwiel met 'n herhaal kleurpatroon gegee om in te kleur. Ek en kleinsus was ook daar (en kleinsus sit ook glad nie stil nie.....). Ten spyte van al die geraas het sy daardie wiel perfek ingekleur sonder om 'n fout te maak met die kleurpatroon en dit reg uitgeknipt. Dit alles het gebeur sonder dat sy 1 keer opgekyk het van haar werk af (konsentrasie).



Ek was so trots op my pragkind! Ek kan haar nou volgende jaar Gr1 toe stuur met 'n geruste hart en weet dat sy nie gaan sukkel om die werk te doen en by te bly nie.

My dogter se ouma wat haar nie so gereeld sien nie het ook opgemerk hoeveel rustiger sy Oktober was ten spyte van die Dubai trippie. Wat 'n wonderlike terugvoering, en dit van familie af! En ook hoe ons besluit om haar 'n jaar terug te hou die beste besluit ooit was!

BAIE DANKIE Rika vir jou WONDERLIKE werk! Jy het definitief hierdie moederhart met baie vreugde en vrede gevul!